


# Perisos

# Week van Gebed

**04 tot 08 Februarie 2019**

**Gebedsbrief – Week van Gebed**
**4 Februarie 2019 tot 8 Februarie 2019**

Belofte vir bidders wat volgens God se wil bid: Jesus het vir sy dissipels gesê: "As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde. "Matteus 18:19, 20.

Die God en Vader tot wie ons bid het mag … om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk," en die Bybel sê ook van Hom: "Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie." (Lukas 1:37)

**2019 – Gehoorsaam aan Jesus se Groot Opdrag om uit te gaan na al die nasies en mense Jesus Christus se dissipels te maak.**

Eksodus 33:12-15: Moses sê vir die Here: "As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie." Kom ons bid soos Moses dat die Here ons God elke tree van 2019 saam met ons oppad sal wees; dat Hy ons sal lei en saam met ons deur hierdie onbekende pad van die jaar sal reis.

Eksodus 13:21-22: "En die Here het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek. Die wolkkolom het nie bedags en die vuurkolom nie snags voor die volk gewyk nie."

Volgens hierdie Skrifverse het die Here in 'n wolk- en vuurkolom elke dag en nag voor Sy volk uit getrek om hulle die pad aan te wys, hulle op die reispad te beskerm en hulle die roete waarlangs hulle moes reis aan te dui. Kom ons bid dat die Here ook so saam met ons deur Sy Gees elke tree van die pad van 2019 sal wees om ons te rig en lei en

die pad vir ons te verlig en die roete waarlangs Hy wil hê ons moet reis vir ons aan te dui. Bid ook dat Hy by ons teenwoordig sal wees om ons te beskerm en te lei.

Ons skeppingsdoel, die doel waarom God die mens geskape het was om Hom bo alles met ons hele wese lief te hê. Lukas 10:27: En die wetgeleerde antwoord Jesus en sê: “Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand;” Bid dat ons die Here ons God met ons hele wese sal liefhê en ons liefde vir Hom sal wys deur aan Hom en Sy woord gehoorsaam te wees (John 14:15, 21 en 23).

Bid dat Perisos se lede aan Christus se liefdesgebod gehoorsaam sal wees om ander mense en mekaar lief te hê: “en jou naaste [sal lief hê] soos jouself.” Matteus 22: 37-39; “’n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.” John 13:34, 35)

Bid vir Perisos se lidmate en die Kerk in Suid Afrika in die algemeen dat hulle verhoudings met mekaar en ander mense om hulle gekenmerk sal word deur liefde (John 13:24, 35: “’n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê, soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.”; Matteus 22:39: “Die tweede gebod wat hiermee gelykstaan; Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”; Lukas 10:33-37: “Maar ‘n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom: en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel, en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na ‘n herberg geneem en vir hom gesorg. Toe hy die volgende more weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom. Die een wat die

naaste was van die man wat onder die rowers verval het was Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het . Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so.”).

Kom ons bid dat ons kanale sal wees deur wie Christus se liefde na ander mense sal vloei. Bid dat die band tussen Perisos se lidmate die band van liefde sal wees. Dat Christus se liefde onder ons sal wees.

**Dissipelskap – ‘n Dissipel van Jesus Christus is ‘n volgeling van Jesus Christus**

Dissipelskap – Christen ware dissipels/ volgelinge van Christus sal wees. Bid dat ons aan Sy voete sal sit om deur Hom geleer te word en dat dit in ons lewens, ons dade en optrede sigbaar sal wees dat ons in Sy geselskap is (Lukas 10:39; Handelinge 4:13)

Bid dat ons in Sy geselskap en Sy teenwoordigheid sal wees sodat Hy ons kan leer en dat ons Sy voorbeeld sal volg (Petrus en Johannes metgeselle van Jesus Christus was. Handelinge 4:13)

Dissipelskap – vrug dra “Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.” (Joh,15:16) – John 15:4, 5 & 8; liefde – John 13:35; getuies vir Christus en dissipelmakers (Matteus 28:18-20).

Bid dat ons God se woord sal bestudeer. God se wil is in Sy Woord opgeteken (2 Timótheüs 3:16, 17: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” Psalm 119:105: U Woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.” 1 Petrus 2:2: “en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan opgroei,”; Jesaja 55:10, 11: “Want

soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter; so sal my word wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur." Josua 1:8: "Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel." Deut.6:6,7: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." ).

Bid dat ons God se woord sal lees en oordink en daarvolgens sal lewe en teenoor ander mense om ons optree.

Bid dat ons daders van die woord sal wees en nie net hoorders nie (Jakobus 1:22). Wees gehoorsaam aan God se woord, voer Sy wil en opdragte uit en lewe volgens God se woord.

Bid dat ons na God se woord sal luister, sy gebooie en voorskrifte noukeurig sal gehoorsaam en uitvoer (Jeremia 35:13-19).

Bid dat die Heilige Gees in ons harte sal werk sodat ons meer en meer soos Christus Jesus sal word en Christus se gesindheid en eienskappe van liefde, nederigheid en selfverloëning in ons lewens sigbaar sal wees (vgl Filippense 4:5-8: "Want hierdie gesindheid moet in julle wees, wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.") 16 een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. En ons besit genadegawes wat verskil

volgens die genade wat aan ons gegee is: is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid." 1 Kor.12:4-11; Efesiërs 4:11-13);

Bid dat ons as dissipels van Christus mekaar in die geloof sal opbou. (1 Thessalonicense 5:11: Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen."; Efesiërs 4:29: "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."; Romeine 14:9; Romeine 15:2

Ons liefde vir ander mense maak dat ons aan Christus se laaste groot opdrag gehoorsaam is deur uit te gaan en dissipels van al die nasies te maak "en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle bevel het." Matteus 28:19

Ons bid elke dag: "Hou u kneg ook terug van moedswillige sondes; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestraflik wees en vry van groot oortreding. Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Here, my rots en my verlosser!" Psalm 19:14, 15

Bid dat die Here deur Sy Gees in die harte van Suid Afrika se senior regeringsleiers en die President sal werk om hulle harte te vernuwe en te verander, vernuwe en dat hulle hul tot Homs al bekeer.

Bid dat die Heilige Gees tydens ons samekomste in ons harte sal werk sodat ons die woord sal hoor en verstaan en dat die woord ons harte sal verander en vernuwe. Die kruis opneem en Jesus volg (Matteus 16:24-28; Lukas 9:23-24; Lukas 9:57-62).

Bid vir eenheid binne die kerk van Christus in Suid Afrika. Bid dat die kerke met mekaar sal saamwerk om ‘n impak op die gemeenskap asook mense in nood te maak.

Kom ons bid vir die familie van Jesus Christus. Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, die is my broer en suster en moeder” (Matteus 12:49, 50; Markus 34-35) Lukas 8:21: “Jesus antwoord en sê vir hulle: My moeder en my broers is dié wat die woord van God hoor en doen.

Jesus sê: “Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn.” Matteus 12: 34, 35; Lukas 6: 44, 45. Elke boom word geken aan sy vrugte “ (Lukas 6 vers 44) Matteus 16-20;

Bid vir broers en susters in Christus wat eensaam, alleen is of wat moeilike tye beleef en ouer mense wat voel dat almal van hulle vergeet het, dat die volgende Bybel verse en God se beloftes hulle sal versterk: Jesaja 41:10, 13; Jesaja 43:1-5; Johannes 10:27, 29; Romeine 8:35-39;

Neem hierdie beloftes van Christus ter harte terwyl ons by die laaste Groot opdrag betrokke is: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.” Matteus 28:20